

**Dinsdag 26 September**

**Skrifgedeelte: Psalm 16:1-11**

**Fokusgedeelte: Psalm 16:10**

**Die Here gee my nie oor aan die dood nie – daarom kan ek ewig lewe**

Hoe kan ons seker wees van die ewige lewe as die dood 'n realiteit is? Hoe kan ons seker wees dat ons ewig en veilig gaan lewe as dinge nie altyd gebeur soos ons dit wil hê nie? Waarop rus geloofsekerheid? Op iets wat ek doen? Ek moet net meer en beter en groter en dan sal die Here vir my lief wees?

Nee! Ons sekerheid lê nie in onself nie! Ons sekerheid lê in die feit dat die almagtige God in beheer is en dat Hy ons lewens bepaal. Ons sekerheid lê in die feit dat Hy sy groot liefde en genade in Jesus Christus vir ons wys. Ons Here Jesus wat mens geword het, aan die kruis gesterf het vir ons sonde en begrawe is. Hy het egter nie daar gebly nie! God het Hom opgewek uit die dood. Die dood het Hom nie oorwin nie, Hy het die sonde en die dood oorwin.

As ek in Hom glo, deel ek in sy oorwinning! Dan het ek die wonderlike troos dat ek saam met Hom gesterf het vir die sonde en dat ek saam met Hom opgestaan het in 'n nuwe lewe. Die dood of die sonde het nie mag oor my nie. Hierdie oorwinning van Jesus is so groot dat dit beteken dat ek altyd veilig by my hemelse Vader is. Niks kan my van sy liefde skei nie. Ek is op pad na die ewigheid saam met Hom. Hy gee my nie oor aan die dood nie, want die dood is oorwin.

Lewe hierdie nuwe lewe. Vind jou sekerheid in wat God doen – nie in wat jy doen nie. Dan kan jy ewig seker wees. Jy is veilig by die Here. Hy gee jou nie oor aan die dood nie. Ons Here Jesus het in ons plek gesterf. Hy het die dood oorwin. Ons deel in daardie oorwinning. Dit is die wonderlike troos wat ons met nagmaal het.

*Sing: Psalm 18:9 (1936)*

*Ds. GP (Gerhard) van Rhyn (Rietvallei)*